PENSIOEN NUUSBRIEF
van die NG KERK in SA

APRIL 2008

Sinodale Kantoor
De Langestraat 5
BELLVILLE. 7530

Privaatsak X8
BELLVILLE. 7535
Tel: 021 957 7115
Fax 021 957 7101

E-pos:
pensioen@kaapkerk.co.za

PENSIOEN BELEGGINGS

Die beleggingstrategie van die PPF is so ontwerp dat dit vir elke lid die beste groei en kapitaalbeskerming binne die betrokke ouderdomsprofiel bied.

Lede wat nog baie jare voor aftrede is, se belegging het groot blootstelling aan aandele. Oor die langtermyn is die groei in aandele die beste van alle bateklasse. Aandele kan oor die korttermyn daal in waarde (soos in Januarie 2008 gebeur het).

Vanaf ongeveer 7 jaar voor aftrede, word lede se belegging na 'n meer konserwatiewe strategie oorgeplaas. Dit het minder blootstelling aan aandele. Die rede hiervoor is dat die tyd vir herstel na 'n daling in die aandelepryse dan korter is.

Vanaf twee jaar voor aftrede word die volle belegging in kontant (geldmark) gehou om fluktuasies in die finansiële markte se effek te vermy.

In die tabel hieronder word die beleggingsskuiwe volgens die "Lewensfase-model" getoon. [Die normale aftree-ouderdom vir dié model is 65.]

Lewensfase Beleggingstrategie			
Jare voor Aftrede (65)	**Langtermyn**	**Konserwatief**	**Geldmark**
8	100%	0%	0%
7	80%	20%	0%
6	60%	40%	0%
5	40%	60%	0%
4	20%	80%	0%
3	0%	100%	0%
2	0%	50%	50%
1	0%	0%	100%

'n Voorstelling hiervan in 'n grafiek lyk soos volg:



Daar is net 'n paar "bateklasse" waarin verstandige beleggings gedoen kan word:

- **SA Aandele:** Dit verhandel op die Johannesburg se aandelebeurs (JSE), en is oor die langtermyn die bateklas wat die beste opbrengste bied, maar dit kan op korttermyn fluktueer. Hiervoor gebruik die PPF 4 batebestuurders nl. Allan Gray, Investec, Coronation en Polaris Capital.
- **SA Effekte:** Dit is rentedraende beleggings soos Staatseffekte wat 'n redelik konstante opbrengs lewer. Die algemene rentekoerse beïnvloed so 'n belegging in 'n mate. Hierdie beleggings word via Investec en Sanlam gedoen.
- **Internasionale Aandele:** Dit is 'n belegging in buitelandse aandele. Die PPF gebruik Brandes Investment Partners hiervoor. Hulle is internasionaal baie hoog aangeskrewe en doen "waarde" beleggings.

Vervolg bl.2

OORWEEG JY OM BINNEKORT AF TE TREE?

Vandat die aktiewe lede van die PPF op 1 Januarie 2008 na 'n Vaste Bydrae bedeling omgeskakel het, het baie lede bo 60 begin navraag doen oor hulle Fondswaarde – want dit is noodsaaklik vir finansiële beplanning vir na-aftrede.

Ongelukkig kan geen finale syfers gegee word voordat die aktuariële waardering soos op 1 Januarie 2008 nie bepaal is nie. Almal daarby betrokke probeer om dit so vinnig moontlik te laat gebeur, maar daar is prosesse wat opeenvolgens moet plaasvind. Die teikendatum is 30 Junie 2008.

Intussen is daar wel 'n paar syfers bekend. Op die voordele state wat lede verlede jaar ontvang het, is die fondswaarde soos op 1 Januarie 2007, asook 'n illustratiewe waarde indien die berekende surplus van 30% bygevoeg sou word. Die surplus soos op 1 Januarie 2008 word bepaal op grond van die waardering op daardie datum. Intussen is die fondswaarde soos op 1 Januarie 2008 wel bepaal vir lede bo 55 jaar. Dit is op aanvraag beskikbaar. Verstaan egter dat dit 'n bedrag **voor** die toedeling van die potensiële surplus is.

Alexander Forbes is nou die Administrateur vir die aktiewe lede, maar die "Voorkantoor" by die Sinode (Wilna Swart) is die eerste plek om aan te klop as jy oorweeg om af tree.

- **Internasionale Effekte:** Hiervoor gebruik die PPF vir PIMCO.
- **SA Eiendom:** Dit is beleggings in eiendom wat deel is van die Ou Mutual eiendomsportefeulje.
- **Kontant:** Dit word in die Geldmark belê. Investec bied tans die beste moontlikhede hiervoor. Die risiko vir fluktuasie en verliese is in hierdie bateklas die minste.

Die verspreiding tussen die verskillende bateklasse volgens die "Lewensfase"-model is soos volg:

	Aktiewe lede			Pensioentrekkers
Tipe Bateklas	Langtermyn	Konserwatief	Geldmark	
Opbrengs Doelwit	VPI + 6% pj	VPI + 4%	VPI + 2%	VPI + 5%
Tydperk	Tot 7 jr voor aftree	7 – 2 jr voor aftree	2 – 1 jr voor aftree	
SA Aandele	61%	24%	0	34%
SA Effekte/Kontant	18%	55%	0	45%
Inter Aandele	10%	10%	0	10%
Inter Effekte	5%	5%	0	5%
SA Eiendom	6%	6%	0	6%
Geldmark	0	0	100%	0

OMSKAKELING: VASTE VOORDELE NA VASTE BYDRAE FONDS

Die ***aktiewe lede*** van die PPF (dis die diensdoenende predikante in Kwazulu-Natal, Wes-, Oos- en Noord-Kaapland) het op 1 Januarie 2008 omgeskakel na 'n Vaste Bydrae bedeling.

Die rede vir hierdie verandering was in reaksie op die versoek van baie lede dat aan hulle 'n keuse gegee moes word tussen 'n Vaste Voordele fonds (soos voorheen) en 'n Vaste Bydrae fonds. Op die ou end het elkeen van die bykans 700 lede gekies vir die Vaste Bydrae bedeling.

Die ***Pensioentrekkerlede*** se posisie is tans nog onveranderd. Ons wou al vroeër aan hulle ook 'n keuse vir 'n nuwe bedeling gee. Ongelukkig moes hierdie proses uitgestel word tot nadat die Aktuariële waardering van die fonds soos op 1 Januarie 2008 voltooi is. Die teikendatum hiervoor is 30 Junie 2008.

Die keuse wat aan die Pensioentrekkers gegee sal word is om in die huidige fonds te bly, met 'n gewaarborgde pensioen volgens die Vaste Voordele bedeling, of dat die pensioen by 'n Versekeringsmaatskappy geplaas word. [Daar sal vir die 90 pensioentrekkers met 'n fondswaarde van meer as R800 000 'n derde keuse gegee word, nl. om self 'n pensioenbedeling te kies by 'n goedgekeurde finansiële instelling.]

Toe die Pensioenfondse van die Transvaal en Vrystaatste predikante op 1 Desember 2006 omgeskakel het, het hulle die proses vir die aktiewe lede en die pensioentrekkers gelyktydig gedoen. Maar hulle het nie aan die Pensioentrekkers 'n keuse gegee nie. Al die pensioentrekkers is oorgedra na Ou Mutual.

By ons (met die keuses wat aan lede gebied word) was die administrasie van die proses te omvangryk om dit gelyktydig met die aktiewe lede te doen.

Elke pensioentrekker kan egter verseker wees dat hy/sy beslis die regmatige deel wat hom/haar toekom (ook die moontlike surplus gedeelte in die fonds) sal ontvang.

Vir die aktiewe lede bring die Vaste Bydrae bedeling nuwe geleenthede. Voorheen was dit "maklik" om af te tree. Elkeen kon weet hoeveel sy pensioen gaan wees. Pensioenverhogings is deur die aktuaris bepaal. Die fonds het die risiko gedra dat daar genoeg geld sal wees. Daarvoor was dit nodig dat die fonds reserwes opbou.

Met die Vaste Bydrae bedeling word die pensioenfonds meer soos 'n "Spaarplan". Die waarde van elke lid se belegging groei met die bedrag wat elke maand inbetaal word [van die werkgewer (kerkraad) en die lid se eie bydrae] asook die opbrengs wat verdien word. Daar hoef nie reserwes gehou te word nie, want elke lid het 'n eie "rekening" binne die fonds! Maar die lid dra ook die risiko indien die beleggingsopbrengs negatief sou wees.

Wanneer 'n lid van die Vaste Bydrae fonds by aftrede kom, moet hy/sy self reël om 'n pensioen by 'n finansiële instelling (wat deur die Trustees goedgekeur is) aan te koop. Tot 'n maksimum van 33% van 'n lid se fondswaarde kan dan as enkelbedrag in kontant geneem word. Die res moet vir 'n maandelikse pensioen aangewend word. *[Die eerste R300 000 van 'n enkelbedrag is vry van Inkomste belasting.]*

Die keuse oor die aankoop van 'n pensioen is seker een van die belangrikste finansiële besluite wat 'n mens in sy/haar lewe moet neem. Daarvoor is die raad van 'n betroubare Finansiële adviseur nodig. Daarom is dit goed om van vroeg af reeds 'n vertrouensverhouding met so 'n persoon op te bou. Maar in elk geval moet 'n mens meer as een mening kry voor so 'n beslissende besluit geneem word. *(Lees asseblief ook Awie de Swardt se gedagtes oor Finansiële Tussengangers.)*

Uitdienstredes vanaf Junie 2007

- « Dr I A Nell, NGK Sonstraal, 30/6/2007
- « Ds C J Wepener, NGK Ysterplaat, 30/6/2007
- « Ds R P Visser, NGK Fynnland, 31/7/2007
- « Ds J L Dippenaar, NGK Melmoth, 31/7/2007
- « Ds A J v/d Westhuijzen, NGK Bergville, 30/9/2007
- « Ds J N Kritzinger, NGK Laaiplek, 31/1/2008
- « Ds P J Carstens, NGK Brackenfell, 30/4/2008
- « Ds W A Lambrecht, Worcester Audenberg, 31/1/2008
- « Ds P Scheepers, NGK Grasvoëlkop, 29/2/2008
- « Ds D M du Toit, NG Kerk Mailand, 29/2/2008
- « Ds H H Williams, NGK Petrusville, 30/4/2008
- « Ds J J A Koegelenberg, NGK Parowvallei-Oos, 31/3/2008

FINANSIËLE TUSSENGANGERS

Met die (nuwe) Vaste Bydrae bedeling is dit 'n vereiste dat PPF-lede 'n finansiële adviseur moet hê. Elke lid moet by aftrede self besluit oor 'n toepaslike pensioenproduk, en daarvoor is 'n adviseur nodig.

Simeka kry baie versoeke van lede wat persoonlike finansiële advies nodig het.

Simeka Konsultante en Aktuarisse help graag, maar ons beveel altyd aan dat lede, waar moontlik, gesels met hulle eie makelaar wat hulle persoonlik ken. Nie alle lede het egter 'n makelaar nie en dit hou 'n mate van risiko in om jou finansiële behoeftes met 'n onbekende persoon te bespreek. Daar is egter 'n paar vrae wat u die tussenganger kan vra om te bepaal of die persoon gekwalifiseerd is om advies te kan verskaf.

Eerstens word alle finansiële diensverskaffers deur die Wet op Finansiële Advies- en Tussenganger-dienste (ook bekend as die FAIS-wet) gereguleer. Volgens hierdie wet moet 'n tussenganger sekere detail aan 'n toekomstige kliënt openbaar voordat daar oor besigheid gesels word. Van hierdie inligting wat geopenbaar moet word, is byvoorbeeld:

Die tussenganger se naam, identiteitsnommer, jare ondervinding, by watter maatskappye geakkrediteer, kwalifikasies en areas van ondervinding. Die tussenganger moet ook bevestig of hy/sy die meeste van sy/haar inkomste by een maatskappy verdien.

Die meeste tussengangers het 'n FAIS-lisensie wat al hierdie inligting bevat.

Verder is daar 'n professionele organisasie waaraan die top finansiële tussengangers behoort, naamlik die Finansiële Beplanningsinstituut (FPI). Lede van die Instituut wat 'n streng stel eksamens voltooi het en aan die FPI se gedragskode voldoen, kry 'n professionele titel, naamlik dié van gesertifiseerde finansiële beplanner (*Certified Financial Planner* – CFP). Kyk of die CFP-titel op die tussenganger se besigheidskaartjie verskyn. Die FPI hou toesig oor hulle lede se advies en stel streng kwaliteitstandaarde.

Voordat die tussenganger 'n finansiële oplossing of produk kan voorstel, moet hy/sy 'n behoeftebepaling van u behoeftes doen. Daarna mag hy/sy kwotasies of oplossings aanbied wat aan u behoeftes voldoen. Maak ook seker dat die tussenganger meer as een maatskappy se produkte oorweeg het in sy/haar oplossing, sodat u verseker is van die beste produk, diens en koste.

Laastens, **onthou dat u geensins onder verpligting is om 'n produk by die tussenganger te "koop" nie, selfs al het hy/sy baie ure aan u spandeer**. Wanneer u 'n produk uitgeneem het, is daar ook 'n "afkoelperiode" waarin u u keuse mag verander.

Ons beveel aan dat u meer as een opinie kry as u nie gemaklik voel met die oplossing wat aangebied word nie. **Onthou ook dat u altyd kan onderhandel oor die fooie van die tussenganger**.

Awie de Swardt (Uitvoerende Konsultant: Simeka Konsultante & Aktuarisse)

LEDE VAN DIE PPF-TRUSTEES

Werkgewer lede (deur die Sinode aangewys):
Mnr Christiaan van Schalkwyk, Mnr Bobbie Jooste, Mnr Christo Meyer, Mev Erin Scholtz en Ds Francois Cillié (Hoofbeampte).

Werknemer lede (verkies deur aktiewe lede):
Di Callie Visagie (Voorsitter), Peet Louw, Monty Sahd, Marius le Roux, Bossie Muller en Dokkie Lintvelt

Pensioentrekker lede (verkies deur pensioentrekkers):
Ds Christo Alheit, Dr Dirk Hattingh en Ds Kobus v/d Westhuysen

Die PPF Nuusbrief word geborg deur Simeka Konsultante

Aftredes vanaf Junie 2007

- Ds L F P Roodt, NGK Uitenhage-Oos, 30/6/2007
- Ds L Oosthuizen, voorheen swak gesondheid, 31/10/2007
- Ds JIR van Niekerk, NGK Parow-Noord, 30/9/2007
- Dr E J van der Walt, NGK Rondebosch, 29/2/2008
- Ds B J van Rensburg, NGK Kareedouw, 29/2/2008
- Ds S G Rossouw, NGK Hanover, 31/3/2008
- Ds J J Lamprecht, NGK Douglas, 31/3/2008
- Ds F J Nel, NGK P E Sonheuwels, 29/2/2008
- Ds A de S Botha, NGK Suider-Strand, 31/3/2008
- Ds J C M Smit, NGK Paarlberg, 20/4/2008
- Ds L van Vuuren, NGK Walmer, 30/4/2008
- Ds G van der Mescht, NGK Sondagsrivier, 29/2/2008
- Ds S W Viljoen, NGK Worcester De La Bat, 31/3/2008
- Ds H M Strydom, NGK Middelburg Uitsig, 30/4/2008
- Ds L J P van Niekerk, voorheen swak gesondheid, 31/5/2008
- Ds M F Steyn, voorheen swak gesondheid, 30/4/2008
- Ds A C Goosen, NGK Riversdal, 30/6/2008
- Ds L W Meyer, NGK Weenen, 31/5/2008
- Ds P J Neethling, Bybelmedia, 30/4/2008

Leraars oorlede

† Ds F J C van Heerden (wewenaar), laaste standplaas hospitaalleraar Pietermaritzburg, op 24/5/2007
† Ds J H Thyse, laaste standplaas VGK Die Slot, op 23/8/2007
† Ds L A van Niekerk, laaste standplaas NGK Parow-Oos, op 14/8/2007
† Ds M J Jonker, laaste standplaas NGK Calvinia, op 2/7/2007
† Ds J C Landman, laaste standplaas Ruyterwacht-Wes, op 1/4/2007
† Ds F J Stapelberg, voorheen arbeidsongeskik en Tsitsikama, op 13/11/2007
† Ds J A J Kriek, laaste standplaas NGK Hopefield, op 10/2/2008
† Ds H C Groenewald, laaste standplaas NGK Kraaifontein, op 19/3/2008
† Prof E H Holzapfel, laaste standplaas UWK, op 24/2/2008
† Ds JP Theron, laaste standplaas NGK Elliot, op 29/3/2008

BEGRIPPE WAT DIKWELS BY PENSIOENFONDSE GEBRUIK WORD

Vaste Voordele
'n Pensioen word aan werknemers gewaarborg. Die Trustees, in oorleg met die Aktuaris bepaal watter bedrag deur die werkgewer en lid in die fonds betaal moet word.

Vaste Bydrae
'n Spesifieke bedrag word deur die werkgewer en lid in die fonds betaal. Nadat kostes vir administrasie en versekering afgetrek is, word die inbetalings vir die lid "gespaar". By aftrede kan die lid 'n goedgekeurde pensioen aankoop by 'n finansiële instansie. Die geld wat daarvoor beskikbaar is, is die som van dit wat oor jare inbetaal is en die groei wat daarop verkry is.

Kontribusie en lidbydraes
Die werkgewer (kerkraad / gemeente) dra 16,8% van 'n leraar se salaris tot die pensioenfonds by. Dit word "kontribusie" genoem. 'n Persentasie hiervan word vir kostes, bv versekering en administrasie gebruik en die res, saam met die lid se eie bydrae, word "gespaar". Die lid se eie bydrae is 7,5% van salaris.

Aktuariële waardering
Die Pensioenfonds wet bepaal dat 'n geregistreerde Aktuaris elke drie jaar 'n waardering van 'n pensioenfonds moet doen.
Daarvoor moet elke fonds 'n Aktuaris aanstel. Mnr André Kruger van Simeka is die PPF se Aktuaris. Hy bepaal in sy "waardering" of die Pensioenfonds finansieel en andersins "gesond" is. Hy bepaal ook of daar 'n surplus in die fonds is.

Aktuariële Reserwe Waarde (ARW)
Die huidige waarde van 'n lid se opgeloopte voordele in die Fonds met inagneming van voltooide diensjare.

Minimum Individuele Reserwe (MIR)
Minimum waarde van opgeloopte voordele in 'n vaste voordele fonds volgens wetlike voorskrifte.
Waar die MIR hoër is as die AWR, word die hoogste syfer as 'n lid se fondswaarde geneem.

Oordragwaarde / Fondswaarde
'n Bedrag geld, soos bereken deur 'n Aktuaris, wat die lid se "reg" in die fonds reflekteer.

FINANSIËLE VOORBEREIDING VIR AFTREDE

Hier is 'n paar wenke vir almal wat oppad is na aftrede:

- Onthou en doen **Spreuke 3:5-10**: *"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: Dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam. Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn."*

- **Bly in die bediening solank jy kan**. Terwyl die Here aan jou gesondheid gee met 'n roeping en entoesiasme vir die Evangelie, hou aan!

- **Begin spaar** van die eerste dag dat jy werk. Maar as jy nog nie begin het nie, doen dit vandag. Op pensioengeld alleen, sal jy moeilik finansieel oorleef.

Charles Dickens het die mens se ekonomiese dilemma vir alle tye pragtig saamgevat toe hy mnr Micawber die volgende laat sê het: "Jaarlikse inkomste 20 pond – Jaarlikse uitgawe 19 pond, 19 sjielings en 6 pennies – die resultaat: *geluk.*
Jaarlikse inkomste 20 pond – Jaarlikse uitgawe 20 pond en 6 pennies – die resultaat: *ellende*"

- Maak so gou moontlik 'n belegging in **eiendom**. Al kan jy nie self daarin woon nie, is eiendom op die lang duur van onskatbare waarde. By 'n eiendomsbelegging is daar drie belangrike uitgangspunte: ligging, ligging, ligging.

('n Paar van hierdie gedagtes is ontleen aan Christo Alheit)

DANKBAAR VERTROUEND

Die Trustees het in Desember 2007 'n eenmalige bonus (50% van die maandelikse pensioen) aan pensioentrekkers toegestaan. Daarna het ons baie waardering en dank ontvang. Treffend was dat hulle wat die kleinste pensioene kry, dikwels die grootste dank betoon. Hier is enkele aanhalings uit die meer as 50 briewe/kaartjies wat ons ontvang het:

"Ek kan u verseker dat dit baie, baie welkom was en goed te pas gekom het. Ek het 'n ander bril baie nodig gehad en die onverwagte meevallertjie het sommer die probleem opgelos."

"Die gesindheid waarvan hierdie bonus spreek, toon dat u simpatiek gesind is teenoor die groter finansiële eise waaraan voldoen moet word."

"Ewe skielik is ek skatryk. Weereens soos so dikwels in die verlede, het ek ervaar hoe oorvloedig die Vader sorg vir Sy kinders. Genade onbeskryflik groot."

"Ons is die Here dankbaar daarvoor."

"As weduwee moet mens klaar fyn sny om kop bo water te hou. So hierdie is regtig van ons Vader."

"Die Here sorg werklik vir my en nou is ek so bly dat ek Kersfeesvreugde 'n bietjie ruimer aan ander ook kan uitdeel."

"Die verslaenheid spruit voort uit die mees onverwagte Kersgeskenk wat na ons pensioentrekkers se kant gekom het. Die dankbaarheid wat 'n mens onder sulke omstandighede oorrompel is nie in woorde te beskryf nie. Eers wanneer 'n mens jou uit die hoofstroom van die bediening bevind, beweeg sulke meevallers jou tot trane van dankbaarheid."

Dankie vir die voorbeeld wat julle stel: om so oneindig dankbaar te wees (veral teenoor die Here) en dat julle onverskrokke op Hom vertrou. Julle het in hierdie materialistiese tyd reggekry om die suigkrag van mammon te vermy en op die Here te vertrou. Julle voorbeeld herinner aan Hebr. 13:5,6: "Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: 'Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.' Daarom kan ons met vertroue sê: 'Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?'"

DESIGN/A PRINT 021 975 9648